## 17 November - TYD/TYE

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 31**

Dawid bevind hom in moeilike omstandighede. Hy is reeds 'n geruime tyd gelede tot koning gesalf. Om verstaanbare redes het dit vir hom die vyandskap van Saul op die hals gehaal. Nou moet hy vir sy lewe vlug.

Hy het nie begeer of gevra om koning te wees nie. Alles wat hy dus nou ervaar, is menslik gesproke geheel en al onverdiend. Sy rustige lewe as skaapwagter het sonder sy eie toedoen verander in dié van 'n vreesbevange voortvlugtige.

Nou kon Dawid die tipies menslike doen. Hy kon naamlik sy omstandighede neem en dit tussen hom en God plaas. Hy kon dit 'n twispunt met God maak. God moes 'n antwoord gee. Die vraag op Dawid se lippe kon wees: "Waarom, Here?" Hy kon immers redeneer: Ek verdien nie hierdie tyd nie. Ek is tog U gesalfde! Het U my nou laat salf net om deur Saul doodgemaak te word?

Tog is daar by Dawid nie opstand nie, omdat hy aan twee perspektiewe vasgryp: *"Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: 'U is my God. My tye is in u hand'."*

Die eerste is dat sy tye in God se hande is. Dit is nie maar die wrede noodlot wat sy lewe versuur nie. Nee, God beskik!

Daarmee saam die tweede perspektief: God se hande is getrou en liefdevol. In sy worsteling herinner hy homself daaraan dat God hom steeds liefhet en vir hom 'n skuilplek is. Al verstaan hy nie wat met hom gebeur nie, weet hy onwrikbaar dat God uit liefde handel.

Tyd en tye is soms uitermate hard en swaar. Soveel so dat dit selfs kan voel asof jou siel wil knak. Hou dan juis vas aan hierdie perspektief: Ook jou tye is in God se liefdevolle hande.

Maak dan soos Jesus (Luk 23:46) hierdie woorde die inhoud van jou gebed: *"In U hande gee ek my lewe oor, want Here, troue God, U het my vrygemaak."*

*Sing: Psalm 31:1, 12, 17 (1936-beryming)* *Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)*